



Twaalfde week in Koninkrykstyf ...

Teks: Psalm 124

Tema: As, dan, maar, daarom!

Agtergrond: Die psalmboek is 'n boek waarin gelowiges oor eeue hulle diepste emosies en gevoelens in poësie vorm geweldig eerlik en opreg uitgespreek het. Die boek moedig ons aan om eerlik en opreg al ons emosies en gevoelens en belewenisse met God te deel.

Daar is baie onderafdelings binne-in die psalmboek en ons skrifgedeelte (Psalm 124) val vandag juis binne so 'n onderafdeling wat bestaan uit 15 psalms (Psalm 120-134). Elkeen van die 15 psalms begin met die Hebreeuse woorde "sjir ma-alah". Dit kan op verskillende wyses vertaal en verklaar word: as bedevaartsliedere, as pelgrimsliedere, die Engelse praat van "songs of degrees", of van "songs of ascent".

Hoe jy dit ook al vertaal lyk dit vir my dit is liedere wat die bedoeling het dat mense, pelgrims, beweeg het van 'n laer gebied na 'n hoër gebied. Hulle het dus opgegaan na die tempel toe. Dit word ook simbolies

gebruik - hulle gemoed toe hulle begin beweeg het na Jerusalem was een van moedeloosheid en wanhoop, maar hoe hoër hulle beweeg het, het hulle gemoed begin verander. Met die klim van die laaste trappies van die tempel het hulle moedeloosheid verander in lof en vreugde en dankbaarheid teenoor "Jehovah".

'n Baie belangrike ding om te onthou as jy die psalms lees is om dit as gedigte te hanteer, ons praat in die teologie van 'n eksegetiese sleutel. Dit is baie subjektief en blatant, naak, eerlik.

The Psalms speak ***for us***,
The rest of the Bible speaks ***to us***.

Skriflesing: Psalm 124

Wat onmiddellik opval is dat die psalm uit 4 dele bestaan wat presiese merkers het:

As, dan, maar, daarom.

Vers 1 en 2 gebruik die merkers "As"

1. **As** die Here ons nie gehelp het nie, dit moet Israel bely,
2. **As** die Here ons nie gehelp het toe mense ons aangeval het nie,

Die 2 de deel word gekenmerk aan die merkers “Dan”. Dit word 3 maal genoem vers 3-5.

3. **dan** het hulle ons lewendig verslind toe hulle woede teen ons ontvlam het;
4. **dan** het die waters ons weggespoel en die vloed ons oorweldig;
5. **dan** het die skuimende waters ons oorweldig.

Dan kry ons die merker van “Maar” – vers 6-7

6. **[maar]** Aan die Here kom die lof toe: Hy het nie toegelaat dat ons hulle prooi word nie.
7. **[maar]** Ons is bevry soos 'n voël uit die wip van 'n voëlvanger; die wip het gebreek en ons was vry!

En dan die laaste merker is die woord “daarom” - vers 8

8. **[daarom]** Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

Wat mens van die psalm onmiddellik opval is dat die volk geweldige nood beleef. Presies wat die nood was wat hulle beleef het weet ons nie, maar deur die geskiedenis is die teks gelees veral tydens Paasfees wanner die volk die

verlossing uit Egipte herdenk het en ook tydens die Purimfees as die verlossing herdenk word toe Ester en Mordegai verhoed het dat Hamman die volk uitwis.

Dit is eintlik tot ons voordeel dat ons nie weet presies wat die historiese geskiedkundige agtergrond is nie, want dit maak die teks universeel – dit geld vir almal oral en dit is juis ook dus nou hier en nou bruikbaar. Dit geld vir elke oomblik wanneer ons in nood verkeer.

Kinders van die Here beleef ook krisisse. Daar kom in ons lewens ook moeilikhede en probleme en benoudheid.

In Ps 124 word die probleme en krisisse waarin kinders van God soms kan kom, digterlik met beelde uit die alledaagse lewe en meer spesifiek uit die natuurlewe beskryf – elke keer begin die sin met die woord **dan**:

Eerste beeld:

3. **dan** het hulle [*adam*] ons lewendig verslind toe hulle woede teen ons ontvlam het;

Tweede beeld:

4. **dan** het die waters ons weggespoel en die vloed ons oorweldig;
5. **dan** het die skuimende waters ons oorweldig.

Derde beeld:

[dan] Vers 7 – soos 'n voëltjie wat in 'n wip gevang word.

Hierdie hele Psalm roep dit uit – ons is gered uit die nood! Daar het uitkoms gekom! Vers 8 - Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

Psalm 124 sê presies dit. Dit gaan nie oor die reis of die bestemming nie, maar eerder saam met wie jy reis. God is ons hulp.

As, dan, maar, daarom

As dit nie vir Jesus Christus was nie, **dan** sou ons eie foute en sonde die laaste se gehad het, **maar** dank die Here dat Hy ons kom red het, **daarom** kom bely ons saam met die psalmdigter: Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het.